

3 Oktober 2021

# FAMILIE TUISBLAD



## Markus 10:13-16

### Jesus seën die kindertjies

Toe ek 'n kind was en daar iemand by ons kom kuier het, wou ek ook graag saam kuier en hoor wat hulle gesels. Ek het vir my 'n lekker plekkie in die sitkamer gekry en gewag dat die oom of tannie moet inkom, maar sodra my pa of ma hulle die sitkamer ingebring het en my sien, dan sê hulle altyd: "Het jy gekom om tande te tel? Kom-kom, gaan speel buite, die grootmense wil gesels." Ai, dan moes ek maar opstaan en buitentoe gaan of in my kamer gaan sit het. Jesus (God) kyk egter anders na kinders as die grootmense van sy tyd. Hy het kinders nie weggestuur nie, maar hulle eerder welkom laat voel.

### Lees: Markus 10:13-16 Jesus seën die kindertjies

#### Gesels:

- Van watter deel van die storie hou jy die meeste? En watter deel die minste?
- Hoekom dink jy het die dissipels met die mense geraas wat hulle kinders na Jesus toe gebring het? Hoekom dink jy was Jesus "verontwaardig" daarvoor?
- Wat sal jy sê is die dinge wat ons verhinder om na Jesus toe te kom?
- Hoe laat dit jou voel as jy Jesus hoor sê dat die koninkryk van God spesifiek vir kinders bedoel is?

**Bid:** Op 'n Smartie-boksie staan "whatalotigot" – hoe baie het ek nie! Gebruik 'n Smartie-boks om te bid en dankbaar te wees. Deel die Smarties een vir een uit en vir elke Smartie wat jy kry, moet jy vir God vir een ding in jou lewe dankie sê.

**Doen:** Proe of Smarties verskillend proe of dieselfde, al verskil hulle kleur. (Toepassing: Dit maak nie saak hoe ons buite verskil nie, ons almal het 'n binnekant soos die sjokolade binne-in die Smartie. Jesus kyk nie vas in ons verskille nie, maar na ons "binnekant" en aanvaar almal, oud en jonk, as sy kinders).

---

Luister hierdie week na nog oordenkings oor **kinders en Smarties** op die **DinkJeug Familie App**.

#### Laai die app hier af:

Google Play: <https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en>

Apple iStore: <https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715>

Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by [www.nous.org.za](http://www.nous.org.za)